ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ — In 16 Tale — *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, SEPTEMBER 2020** **No. 4**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 4:1-8

1. O God wat aan my reg verskaf, antwoord my as ek roep. Toe ek in die nood was, het U my bevry. Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!
2. Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense, gaan julle valsheid liefhê en voorkeur gee aan leuens?
3. Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep.
4. As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!
5. Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is, en julle moet op die Here vertrou.
6. Daar is baie wat sê: "Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?" Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons!
7. U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.
8. Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.

UITGEKIES EN 'n OPDRAG ONTVANG

"Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het" Handelinge 1:2.

In die 18de eeu is daar 'n groot oorlog geveg tussen Frankryk en Engeland. Die Franse troepe is aangevoer deur die groot leier van die Franse Rewolusie, Napoleon Bonaparte. Die Engelse vloot is aangevoer deur die beroemde Admiraal Nelson. Die Opper-bevelvoerder van die Britse magte het 'n opdrag gestuur aan die hoof van die Britse vloot om die vloot van Napoleon Bonaparte aan te val en hom ten alle koste te verslaan. Op hierdie bevel het Nelson gegaan. In die oorlog het hy een van sy bene verloor en ook nog 'n oog, maar hy het met volharding aanhou veg, sodat selfs Napoleon bewondering gehad het daarvoor. Dis opgeteken in die geskiedenis dat Napoleon hom verwonder het oor die toewyding wat Nelson gehad het vir die opdrag wat aan hom gegee is.

Nelson was toegewy aan die opdrag wat deur 'n wêreldse gesag gegee is. In watter mate bly elkeen van ons toegewy en lojaal aan die groot opdrag van die Koning van die konings en die Here van die here? As gevolg van sy gehoorsaamheid aan die opdrag van die aardse gesag, het Nelson 'n spesiale plek in die geskiedenis verwerf. Hoeveel eer sal die Here ons gee in die geskiedenis as ons sy bevel gehoorsaam? Die Bybel belowe beloning aan die getroue dienaar: 'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde" (Matteus 25:21).

Ons het onlangs die Paasfees gevier. Dit sal dus goed wees vir ons om na te dink oor sekere opdragte wat die opgestane Here aan sy dissipels gegee het.

... verv. op bls. 3

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"...Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" (Jesaja 43:1).

Liewe vriende in Christus,

Ons groet julle in die dierbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Ons vreugde loop oor in die Here as ons dink aan die wonderlike maniere waarop ons Here Jesus Christus ons gelei het deur die afgelope 50 jaar in die bediening. Ons as die werkende spanne van **Echo of His Call** eer al ons vennote vir hulle volgehoue gebede en ondersteuning vir die uitbreiding van die koninkryk van God deur hierdie nederige bediening.

Die Here het ons nederige Goue Jubileumkonvensie geseën wat ons in ons Moederkerk gehou het van 9 tot 11 Augustus. Ons bedank al ons vriende wat ons aangemoedig het deur hulle spesiale gebede, groete, offergawes, ensovoorts. Ons gee alle eer aan ons Here Jesus Christus.

In hierdie uitgawe wil ons nuus deel onder andere oor ons skool, genaamd **St. Paul's Matriculation School** wat funksioneer in een van die voorstede van die stad Tsjennai waar ongeveer 500 ekonomies agtergestelde kinders studeer. Al die leerlinge wat aangemeld het vir die Staatseksamen het sukses behaal met vlieënde vaandels gedurende die afgelope paar jare.

Aangesien die skool omtrent 22 jaar gelede begin is, moet die mure van die skoolgebou herstel en oorgeverf word en die vloere moet vervang word met nuwe teëls. Aangesien die klimaat hier te warm is, moet ons meer geriewe aanbring soos waaiers, ens. Ons is ook in die proses om 'n groter aantal ervare onderwysers aan te stel. Om ons doel te bereik om opleiding van hoë gehalte te gee, benodig ons voldoende finansiële ondersteuning. Ons versoek dus die gebede en ondersteuning van ons geliefdes, soos julle almal is.

God seën ons Nehemia Bybelkolleges. Tans staan ons studentegetal op 50. Ons het 'n seminaar vir die studente gehou oor die onderwerp "**Die roeping van God in 'n mens se lewe"** op 17 Augustus en 'n retreat op 24 Augustus 2019 vir al die studente van ons Bybelkolleges en die leiers in ons kerke.

Ons kerke dra goeie vrugte. Ons het 'n spesiale byeenkoms gehou in ons Moedergemeente op 3 en 4 Augustus. God het die deelnemers geseën.

Ons evangeliese Drukpers druk ongeveer tien duisend eksemplare elke uur, en daarby produseer ons duisende eksemplare van evangeliese literatuur in verskeie tale en stuur dit aan na ons sendingsentrums vir gratis verspreiding.

Dankie dat julle hierdie redaksionele kolom lees. Ons is seker God sal julle inspireer om hande te vat met ons op alle moontlike maniere. Ons is so

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

lief vir julle in die Here en bid vir julle.

Bid asseblief vir ons.

Mag God julle oorvloediglik seën.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

Hierdie opdragte is nie slegs aan die dissipels gegee nie, maar aan al die mense van Christus. As daar 3 miljard Christene oor die wêreld is, is die opdragte aan elkeeen van hulle gegee, so ook aan (dertig miljoen) Christene in Indië. Gehoorsaam die groot opdrag van Jesus, bereik elke dag 30 medeburgers; die hele land sal Jesus dan ken as die Here en Verlosser. Mag God ons nou help om te besef wat Jesus bedoel het toe Hy die groot opdrag gegee het: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matteus 28:19).

(I) Wat is 'n opdrag?

(a) Betekenis (b) Kenmerke en (c) Omvang

(II) Waarom 'n opdrag?

(a) Ou Testamentiese perspektief

(b) Nuwe Testamentiese perspektief

(c) Eietydse perspektief

(III) Slot

(I) WAT IS 'n OPDRAG?

A) BETEKENIS: Ons weet almal dat 'n opdrag gewoonlik 'n bevel is wat deur 'n meerdere aan 'n ondergeskikte gegee word. Ons weet ook dat dit gewoonlik in verdediging of militêre taal gebruik word. Nog 'n algemene begrip wat onder opdrag ingesluit word, is dat dit nie geïgnoreer kan word nie, maar uitgevoer moet word.

In die Nuwe Testament beveel Jesus die dissipels ("Enteilamenos" in Grieks). Dit beteken eintlik om aanwysings te gee. Dus moet elke kind van God een waarheid verstaan sonder om dit na te laat. Hy het duidelike aanwysings gegee.

B) KENMERKE VAN 'n OPDRAG:

(i) Verpligting: 'n Bevel word gewoonlik uitgereik deur 'n meerdere aan 'n ondergeskikte. 'n Bevel verskil van geselskap, versoeke en pleidooie. (i) Dit is 'n verpligting. Die bevel kan nie onuitgevoer gelaat word nie. Dit moet gehoorsaam word.

(ii) Tyd-georiënteerd: 'n Opdrag is vir 'n spesifieke tyd. As 'n gegewe werk of taak nie op 'n sekere tyd gedoen word nie, verloor dit sy waarde. Byvoorbeeld, as 'n opdrag tot militêre offensief nie op die aangewese tyd uitgevoer word nie, sal die vyand aanval en die opponent vernietig. 'n Bevel moet dus gehoorsaam word en op 'n spesifieke tyd uitgevoer word.

(iii) Taak-gesentreerd: Afgesien daarvan dat tyd en mense daarby betrokke is, het dit ook 'n spesifieke taak om te voltooi. Die doel van elke Christelike lewe is nie bloot om te bestaan nie, maar om onsself te mobiliseer om die taak van evangelisasie te vervul. Die opdrag wat Jesus nadruklik aanwys, is om die evangelie te verkondig en om gelowiges te doop.

C) OMVANG VAN DIE OPDRAG:

Opdragte geld dikwels binne sekere grense. In die verdedigingstelsel is daar baie bevele. 'n Sekere bevelhebber mag slegs bevele gee aan 'n groep soldate om binne 'n gegewe gebied te werk.

Nogtans het die opdrag wat ons Here Jesus Christus aan ons gegee het, mag oor die hele aarde. Dit het ook mag oor die bose, mag in hoë plekke en oor dié in die hel. Jesus het gesê, "Gaan na al die nasies toe". Die bevel van Jesus oorskrei gebiede, taal, kultuur, klas, kleur, geloof, godsdiens, ens. En dis 'n opdrag wat aan almal gegee is. Geen Christen is vrygestel van hierdie opdrag nie. Al Christus se mense moet betrokke raak in hierdie groot opdrag.

Indië is die beste gebied wat wit is en ryp vir die oes. Dit is dan ook die grootste land met die grootste konsentrasie van mense wat dissipels gemaak moet word. 80% van die wêreld se onbereikte mense is hier. Dus moet elke kind van God wat die groot opdrag ontvang, opgewasse wees teen die taak van evangelisasie.

OPDRAG IN DIE OU TESTAMENT:

Die opdrag in die Ou Testament is aan die kinders van Israel gegee deur Moses, die dienaar van God. Dit is algemeen bekend as die Tien Gebooie of die dekaloog. Dit word ook verdeel in 'n negatiewe en 'n positiewe wet. Die onderhouding of verontagsaming van die wet sal óf seën óf vloek tot gevolg hê. In die boek Eksodus hoofstuk 20 vanaf vers 3 tot vers 17 word die dekaloog weergegee. God sê by wyse van herhaling "Julle

mag nie gode uit silwer maak om my plek in te neem nie. Julle mag ook nie vir julle gode uit goud maak nie. Julle moet vir My 'n altaar van grond bou en julle brandoffers en maaltydoffers uit julle kleinvee en beeste daarop bring. Op elke plek waar Ek my Naam wil laat aanroep, sal Ek na julle toe kom en julle seën" Eksodus 20:23, 24.

Die doel van die Ou Testamentiese Gebod wat die wet genoem word, in Hebreeus "Torah", is om die idee van monoteïsme te vestig. Dit beteken daar is net een enigste God, die Skepper van die heelal en die mensdom. Die gebooie is aan die mense gegee vanweë agteruitgang van moraliteit en bewussyn van die morele. Ten einde weer die gewete te herstel, en die regte omgang, het God die wet ingestel, 'n Bevel wat gehoorsaam moet word. Wanneer dit gehoorsaam word, bring dit seëninge, maar wanneer dit oortree word, bring dit moeilikheid. Ons moet dus uit 'n nuwe perspektief na die gebooie kyk. Die omvang van die gebod hang af van die manier waarop dit gebruik of misbruik word.

Nogtans sê Paulus oor die Ou Testamentiese wet, "Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is" (Romeine 3:20).

DIE WET IN DIE NUWE TESTAMENT:

Die Nuwe Testamentiese Wet is baie verskillend van die Ou Testamentiese een. Dit spreek nie die Ou Testamentiese gebooie teë nie, maar vul dit aan. Jesus het gesê Hy het nie gekom om die wet te vernietig nie, maar om dit te vervul. Dit beteken tot op daardie punt is die doel van die wet waarskynlik nie vervul nie. Die koms van Jesus het die wet vervang met genade. Die Nuwe Testamentiese bedeling wat 'n tyd van genade is, verwag 'n ander standaard van lewe. In die Ou Testament is gebooie gehoorsaam uit dwang of vrees. Maar in die Nuwe Testamentiese tyd moet die mens sy eie oordeel gebruik en moet dit gebaseer wees op liefde.

Vandag is daar probleme wat die Christene oorweldig. Wanneer hulle beproewinge en versoekings ondervind, verloor hullle sommer hulle wilskrag. Hulle neig om vinnig die belofte van God te vergeet. Die Bybel sê: "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie" (Hebreërs 4:15). Koning Dawid sê in 'n tyd van gevaar, "Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?" (Psalm 27:1). Die enigste raad as ons vergeet van die beloftes van God, is om die vermoë om te onthou te verbeter. Mense onthou van nature die dinge en gebeurtenisse waarvoor hulle lief is. Dus moet ons verstaan dat, as ons God en sy kosbare woorde moet onthou, is die enigste manier om Hom lief te hê.

In antwoord op 'n vraag oor die gebod het Jesus geantwoord: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Dit is die eerste gebod" (Markus 12:29,30). Elke leser van hierdie boodskap moet oplet hoe Jesus praat oor die eerste wet in beginsel sowel as in waarde. Die eerste deel sê jy moet die Here jou God liefhê. Dit is die beginsel, maar die waarde is liefde. Hy sê die waarde van die beginsel is in liefde vir die Here met (a) al jou krag (b) verstand (c) siel en (d) hart.

... verv. op bls. 6

Bid asb. vir

BYBELKOR INDIË

Indië is die tweede grootste demokratiese land in die wêreld met 'n bevolking van 1, 25 miljard mense. In hierdie totale bevolking is daar slegs 2% Christene en 98% van die mense het nog nooit die evangelie van Jesus Christus in hul lewens gehoor nie. 600 000 dorpies moet nog met die evangelie van Jesus Christus bereik word deur middel van literatuur, in besonder Bybel Korrespondensiekursusse in Engels, Hindi en Tamil. Ons versprei die Bybelkursus getiteld 'New Life - For You!' gratis. Die kandidate wat die kursus voltooi, ontvang 'n sertifikaat en hulle word voorgestel aan 'n plaaslike kerk. Indien daar nie 'n plaaslike kerk in hul area is nie, ontmoet ons sendelinge hulle en plant huiskerke in die area om om te sien na hul geestelike behoeftes. Bid asseblief vir die sukses van die bediening en die nodige fondse.

BIBLECOR INDIA
P.O. Box 2957, Chennai - 600 005, India
E-pos: biblecor@yahoo.co.in

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 September 2020 tot 18 Oktober

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

September 19: Laat ons God loof vir die hele span werkers van Echo of His Call se Bedienings.

September 20: Laat ons God loof vir die ondersteuners van Echo of His Call se Bedienings.

September 21: Loof God vir die 7 dienste in ons Moederkerk in 5 tale wat elke Sondag vanaf 05.30 tot 20:00 gehou word.

September 22: Loof God vir die dienste wat elke Sondag in ons kerk in Velachery in 2 tale gehou word.

September 23: Prys die Here ons God vir sy seën op die Evangeliese literatuur in 16 tale wat ons op ons Drukpers druk en na die sendingvelde stuur.

September 24: Loof die Here ons God dat Hy die Kinderbediening in en rondom ons Moederkerk seën.

September 25: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

September 26: Laat ons God loof vir die Raad van ouderlinge in ons Moederkerk.

September 27: Loof die Here ons God dat Hy die Manne- en Vrouebediening van ons Moederkerk geseën het.

September 28: Loof God, want Hy het ons geseën met ervare lektore vir ons Nehemia Bybelkolleges.

September 29: Loof die Here ons God dat Hy al ons veldwerkers en hulle werk beskerm het.

September 30: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, lewensmaats en Groot Opdrag-vennote, intekenare en hulle gesinslede.

Oktober 01: Loof die Here ons God dat Hy elke aktiwiteit van ons **Echo of His Call Bedienings** gedurende die afgelope maand geseën het.

Oktober 02: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle soorte duistere magte.

Oktober 03: Loof die Here ons God dat Hy die pastore van ons kerke en hulle toegewyde arbeid geseën het.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Oktober 04: Bid vir 'n blink toekoms vir al die studente van ons Nehemia Bybelkolleges.

Oktober 05: Bid dat ons hierdie maand in al die finansiële behoeftes van **Echo of His Call Bedienings** sal kan voorsien.

Oktober 06: Laat ons bid vir die uitbreiding van **Echo of His Call se Bedienings.**

Oktober 07: Bid vir die welstand van die personeel van ons Evangeliese Drukpers.

Oktober 08: Laat ons bid vir ons **Nehemia Basiese Bybelkorrespondensiekursusse** en **Gevorderde Teologiese Korrespondensiekursusse.**

Oktober 09: Bid vir die verbetering van al ons vriende en goedgesindes wat heelhartig bid vir die **Echo of His Call Bedienings** en dit ondersteun.

Oktober 10: Bid vir die visie van ons Senior Pastoor S.Sam Selva Raj om die evangelie te versprei in onbereikte dele.

Oktober 11: Bid vir die gelowiges in ons Moederkerk en wykskerke.

Oktober 12: Bid vir al die Presidente en Eerste Ministers van die wêreld.

Oktober 13: Bid vir eenheid tussen die kerke.

Oktober 14: Bid vir die veiligheid van die jong kinders van die wêreld.

Oktober 15: Bid vir al die Noord-Indiese sendelinge.

Oktober 16: Bid vir al die politici van die wêreld.

Oktober 17: Bid vir die mense van die staat Punjab van Indië.

Oktober 18: Bid die Here om meer toegewyde werkers vir **Echo of His Call** te roep.

verv. van bls. 4

Sowel fisiese as geestelike seëninge volg vanself op die hou van die gebooie. In sy verwysing na aardse behoeftes, het Jesus gesê, "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matteus 6:33).

EIETYDSE PERSPEKTIEF VAN CHRISTUS SE OPDRAG:

Jesus het gesê "Gaan en verkondig die evangelie". Dit is 'n opdrag wat van toepassing is op alle Christene. Daarom het Paulus gesê, "Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie" (1 Korintiërs 9:16).

Om die evangelie te verkondig in vandag se wêreld, is meer relevant as wat dit ooit in die verlede was. Oral rondom ons sien ons mense wat gefrustreer is, teleurgestel, bedrieg, seergemaak, gebonde deur sonde, sonder vrede of 'n visie en rigting in die lewe. Die wêreld soek die goeie nuus.

Ek herinner my 'n voorval wat ek gesien het toe ek nog 'n seun was. Eendag toe ek van die skool af kom, sien ek 'n kraai wat op 'n stuk kos sit en eet. Maar na 'n tydjie het hy begin om hard te kras in 'n poging om ander kraaie te roep om te deel in wat hy besig was om te eet. Ek het 'n waarheid ontdek, naamlik hoe lief hy was vir die ander voëls. Wat ons moet beklemtoon, is die liefde.

Jesus sê Liefde is die eerste gebod; die tweede, sê Hy "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Geen ander gebod is groter as dié twee nie" (Markus 12:31). Miskien bedoel Jesus om te sê as ons enigsins God ten volle liefhet, dat dit outomaties gesien sal word in ons liefde teenoor ons naaste. As ons nie ons naaste liefhet nie, kan ons nie vir God sê dat ons Hom liefhet nie. Want Jesus waarsku skynheiliges as Hy vra "Hoe kan jy God wat jy nie sien nie, liefhê as jy jou naaste wat jy wel kan sien, nie liefhet nie?" Laat die liefde vir God ons harte en ons gedagtes regeer. Laat ons, soos die kraai, uit liefde roep na ander mense om die Here te ken en Hom te dien.

GEVOLGTREKKING:

Jesus Christus, die Verlosser van hierdie wêreld het hierdie geseënde evangeliewerk aan ons opgedra. Laat ons harte smelt as ons dink aan 4 miljard mense en meer wat Jesus nodig het. Net in Indië alleen is daar 94 x 10 miljoen wat nog die Here moet leer ken. Gaan en verkondig die evangelie. Kan jy nie die evangelie verkondig nie? Onthou wat die Here aan jou, jou vriend, suster, broer, ouers, kollegas, en nog meer gedoen het. Hoeveel kanse het Hy aan jou gegee? Hoeveel kere het jy jou doof gehou vir die influistering van die Gees van God wat jou aangespoor het om met iemand oor Jesus te praat?

Dit is jou tyd. As jy dit mis, mis jy dalk jou tyd van ewige saligheid. Blaise Pascal, 'n bekende wetenskaplike het eendag 'n evangelis ontmoet. Toe Pascal op die hoogtepunt van sy prestasie in die sekulêre wêreld was, het hy die Here aangeneem. Van toe af het hy 'n ontembare passie openbaar om die evangelie aan sy medewetenskaplikes, vriende en kollegas te verkondig. Hy het nie lank geleef nie; in die fleur van sy lewe het hy in die Here ontslaap. Maar hy kon sê "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou" (2 Timoteus 4:7).

Ons kan nie aanvaar dat ons lank sal lewe nie. Maar ons hoop as ons in hierdie lewe vir die Here ons God leef, dat ons vir altyd 'n ewige lewe sal hê. Laat ons probeer om die gebod van God te hou. Die Bybel sê "U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor u dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe" 1 Konings 8:23. "met volle oorgawe voor Hom lewe" beteken om al sy gebooie en insettinge te hou en gehoorsaam. Doen biddend die werk van evangelisasie.

****

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

'n AANTAL BELANGRIKE AANWYSINGS OOR HOE OM 'n CHRISTELIKE LEWE TE LEI

As iemand met enige besigheid begin, en hy begeer om 'n sukses daarvan te maak, sal hy alles wat hy kan daarvan leer. Baie Christene doen nooit moeite om die reëls van die lewe te leer nie. Jesus het kennis geneem hiervan toe Hy gesê het, "Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig" (Lukas 16:8). Hy het bedoel in die sake van hierdie wêreld is die mense meer geneig om gesonde verstand en oordeel aan die dag te lê as die kinders van God. Natuurlik, in sake betreffende die wêreld wat kom, is die armste Christen eindeloos wyser as die slimste man in die wêreld.

Jesus het die aandag daarop gevestig dat as 'n man 'n toring bou, moet hy eers uitwerk wat dit gaan kos om te sien of hy genoeg geld het om die werk klaar te maak. Christene moet goeie besigheidsbegrip gebruik in al hulle sake.

"Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf. Hulle sal sê: 'Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.' (Lukas 14:28-30).

BEGIN 'n GEREELDE GEBEDSLEWE

As iemand 'n suksesvolle Christen wil wees, moet hy die middele gebruik wat God voorsien het vir daardie doel. Byvoorbeeld, die eerste ding wat hy moet doen, is om te begin met 'n gereelde gebedslewe. Dit kan nie te veel beklemtoon word nie. Dit is verstommend watter dinge in 'n leeftyd bereik kan word deur 'n man of vrou wat gereeld bid. Gebed is die manier om dinge van God te verkry. Hier is byvoorbeeld 'n belofte wat Jesus gegee het:

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word (Matt.7:7-8).

Let op na die krag van geloof soos Jesus in Markus 11:22-24 verklaar het.

"Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet geloof in God hê! Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."

Waarskynlik is my belangrikste raad aan julle dat julle van gebed 'n daaglikse gewoonte moet maak. Jy moet elke dag elke belangrike saak van jou lewe voor die Here bring – jou daaglikse aktiwiteite, jou finansies, jou probleme, jou gesin, jou werk, jou verwagtings, jou loopbaan. As jy getrou is om dit elke dag te doen, sal jy vind dat jou lewe ontvou op die patroon wat God vir jou bedoel het. Onthou dit: God het 'n spesiale plan vir elke lewe. Dit is die beste moontlike plan vir daardie lewe. Dit mag wees dat jy geroep word tot die bediening, om 'n sendeling te wees, of om 'n opgeleide werker in die kerk te wees. Of jy mag geroep word om 'n besigheidsman of 'n huisvrou te wees. Daar is 'n volmaakte wil van God vir jou lewe, maar jy moet daar inkom deur jouself daar in te bid. Helaas, dis duidelik dat baie Christene God se beste mis. Te dikwels is dit waar in die huwelik. As 'n mens nie ernstig bid nie, kan hy met die verkeerde maat trou, en as gevolg daarvan mag sy/haar hele lewe negatief beïnvloed word. Daar is baie min ruimte vir spyt agterna wanneer dit kom by die keuse van 'n lewensmaat. Maak 'n gereelde tyd vas vir gebed soos hulle in die vroeë Kerk gedoen het (Handelinge 3:1). Sodoende kan jy jouself vrywaar teen menige fout.

Ook is een van die belangrikste take wat enige Christen kan doen, om te bid vir ander en hulle probleme en behoeftes. Dit is 'n bediening van voorbidding. Daar is geen hoër roeping as dié van 'n voorbidder nie. En hierdie roeping staan oop vir almal. Dit is oop vir jou! As jy die krag van voorbidding wil leer, is die antwoord in Esegiël 22:30-31.

"Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie. Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek en vernietig Ek hulle met die vuur van my gramskap. Ek laat hulle kry wat hulle verdien," sê die Here my God."

Met ander woorde, God sê hier Hy het gesoek vir iemand om vir die mense te bid sodat hulle sou terugkeer na God. Maar omdat Hy niemand kon vind om te bid nie het Hy hulle gestraf en hulle land vernietig vanweë hulle boosheid.

LEES ELKE DAG DIE BYBEL

Om die Bybel behoorlik te verstaan, moet jy dit bestudeer met

die idee dat God met jou praat deur sy Heilige Woord. Noudat jy die Outeur van hierdie Boek ken – Hy is jou hemelse Vader – sal jy baie bemoediging en voorligting kry uit die bladsye daarvan.

Dit is waar dat daar boeke van die Bybel is wat moeiliker is om te verstaan as ander. Die Bybel is in twee dele verdeel – die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die Ou Testament is geskryf voordat Christus Jesus op aarde gebore is. Dit vertel wat God met die mense gedoen het deur die eeue, en dit voorspel ook op baie plekke die geboorte en dood van Jesus Christus, die Seun van God wat sou kom om die mense te red.

Die Nuwe Testament is geskryf nadat Christus op aarde geleef en gesterf het, en opgestaan het uit die dood. Die vier boeke van die Nuwe Testament (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) word die Evangelies genoem en vertel die verhaal van Christus en sy missie op aarde. Elke Christen behoort met hierdie boeke te begin. Die volgende boek, die Handelinge van die Apostels, vertel hoe Christus se dissipels of volgelinge, nadat Hy na die hemel opgevaar het, sy werk voortgesit het en die kerk begin het.Handelinge gee die bloudruk vir die Christelike Kerk van vandag. Die meeste van die res van die Nuwe Testament is geskryf deur die Apostel Paulus onder leiding van die Heilige Gees aan kerke in verskeie stede en lande. Sy opdragte is vandag vir ons van net soveel waarde as wat dit was vir die Christene van die vroeë kerk.

Lees die Nuwe Testament dwarsdeur, hoofstuk vir hoofstuk. Moenie rondval nie. Die Nuwe Testament is jou gids vir jou Christelike lewe.

Nadat jy die Nuwe Testament gelees het, kan jy begin met die Ou Testament. Daarin sal jy lees van mans en vroue wat God gedien het en ander wat dit nie gedoen het nie, en hoe God met hulle gewerk het. Vra God om die Skrif vir jou te verlig sodat jy die belangrike lesse wat die Ou Testament bied, sal leer. Nogtans is die Nuwe Testament spesiaal geskryf vir ons – die ware gelowiges van die kerktyd – dus sal jy groot hulp daarin vind. Dis goed vir 'n Christen om ten minste drie hoofstukke per dag te lees. Vra jou pastoor om 'n studiegroep te begin om die Skrif te verduidelik. Dit sal vir almal 'n ryk ervaring wees. Maar as jy nog steeds moeilikheid het om die wil van God te ken, vra die Heilige Gees om jou te lei.

WEES GETROU MET JOU GAWES AAN GOD

Die Bybel vertel van Jakob wat 'n man was met 'n paar baie onaangename karaktertrekke. Sy gemeenheid het erger geword totdat God uiteindelik in sy lewe gekom het. Eendag nadat hy lelik in die moeilikheid beland het deur sy oneerlikheid, moes hy weghardloop van die huis af. Maar daardie nag het God hom 'n gesig van die hemel gegee. Die gesig het sy lewe verander, en net daar het hy 'n gelofte aan God gemaak dat hy getrou sou wees daarin om 'n tiende te gee van alles wat hy verdien.

"Jakob het toe 'n gelofte afgelê en gesê: "As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here, my God wees. Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee" (Gen.28:20-22).

Dit is 'n treurige feit dat sommige belydende Christene so geldgierig is dat hulle nie hulle tiendes betaal nie. God het hulle diewe en rowers genoem. Hulle beroof nie mense nie; hulle beroof God.

"Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: "Waarvan beroof ons U?" Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie" (Maleagi 3:8-10).

Aan die ander kant, het God beloof om 'n spesiale seën uit te stort op die mense wat getroue rentmeesters is in hulle gawes aan Hom. Die gee van tiendes is om terug te gee aan God van alles wat ons verdien of ontvang in lone of goedere. Alles wat ons het, kom van God af. Hy vra van ons om ten minste een tiende vir sy werk te gee.

Die ondersteuning van die Here se werk behoort eerste te kom. Elke keer wanneer jy geld of goedere van jou werk of verkope ontvang, vra God dat jy eerste een tiende van alles aan Hom sal gee.

Moenie die verantwoordelikheid miskyk wat Christene teenoor wêreldsending het nie. Almal van ons het 'n skuld teenoor hulle wat Christus nie ken nie. Christus het gesê, "Gaan die wêreld in en preek en verkondig openlik die goeie nuus (die Evangelie) aan elke mens..." Miskien sal God jou roep as 'n predikant of 'n sendeling. As Hy dit nie doen nie, het jy 'n verantwoordelikheid om dit vir iemand anders moontlik te maak om die boodskap uit te dra.

Mag die goeie Here jou seën.

****

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.

"GOD SAL VOORSIEN..." (Genesis 22:8)

"DIE HERE SAL VOORSIEN..." (Genesis 22:14)

Vanaf die vroegste dae van die stigting van die Moederkerk in Tsjennai, die stad Madras, moes ek baie probleme en moeilikhede verduur met die mense wat nie die mag van God en die krag van sy dienaars geken het nie. Aangesien ek en die lede van my gesin die enigste Christene in hierdie gebied was, is ons op lastige maniere onderdruk en geteister deur die mense van die omgewing. Ons is nie eers toegelaat om ons voertuie voor ons gebou te parkeer soos die ander mense nie.

Die aangrensende huis was baie oud en was alreeds binne en buite baie beskadig. Die waterpype en dreineringspype in die mure was stukkend en om hierdie rede was daar baie skade aan die mure en plafon van die huis.

Eenkeer het die eienaar van daardie huis my genader saam met 'n paar swak karakters met 'n vals aanklag dat sy gebou gelek het en barste op verskeie plekke vertoon het vanweë die water wat uit ons gebou gelek het. Die groep mense het so geskreeu en die bure bymekaar gebring en hulle almal saam wou my dwing om 'n groot bedrag geld te betaal om die herstelwerk aan die gebou aan te bring en die mure te verf. Maar ek het nie so 'n groot bedrag by my gehad nie. Daar het toe 'n aantal mense na vore gekom om te sê dat die eise van daardie persoon nie reg was nie. Maar hulle het nie geluister na wat ons verduidelik het nie en gesê hulle sal probleme en ergernis veroorsaak tydens die kerkdienste op Sondag. Die lidmate van ons kerk het glad nie die eise aanvaar nie.

Ek het in my gebedskamer ingegaan en gekniel en by God gepleit om engele te stuur om reg te laat geskied teenoor die mense wat sy kerk wou leed aandoen.

Terwyl ek gebid het, het die Here ingegryp in my lewe Die Here het my herinner aan wat Pastoor G. Sundaram my geleer het in my vroeë dae, "Ander mag... Maar ons behoort nie..." Die Here het my beveel om al die herstelwerk te laat doen soos wat die buurman vereis het. En die Here het my ook oortuig as ek noukeurig na Hom luister en daarvolgens optree, sou Hy my help om eendag daardie hele gebou te koop. Dus het ek die Here gehoorsaam en al die reparasies laat doen en die buurman tevrede gestel. Aangesien dit 'n swaar finansiële las op my was, was ek baie angstig. Maar God het my gehelp om te verstaan dat Hy werklik die God is wat voorsien.

Na 'n tydperk van ses maande het God my gehelp om daardie hele eiendom te koop tesame met al die materiaal wat ek alreeds voorsien het. Sodra ons die aangrensende eiendom gekoop het, het die Here my gehelp om dit te verbind met ons bestaande gebou en so ons gebou in grootte te verdubbel.

Wat 'n wonderlike God het ons nie!!

Ons is baie geseënd!!

****

NUUS:

Christelike skool aan die brand gesteek

MANIPUR: 'n Christelike skool in die Kakching-distrik van Manipur is afgebrand op 25 April, 'n paar dae nadat die beheer van die skool ses studente geskors het vir swak dissipline. Eiendom ter waarde van 35 lakhs ($50,000) is uitgebrand by St. Joseph Higher Secondary School. Die hoof het beweer dat die geskorste studente kon saamgespan het met 'n plaaslike studenteliggaam om die misdaad te verrig. Die skool het sowat 1,400 leerlinge. - ANI/HT

- Forerunner (Junie 2019).

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th SEPTEMBER 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**